Wes-Kaapse Provinsiale Parlement
Western Cape Provincial Parliament
IPalamente yePhondo leNtshona Koloni

VOLGORDE VAN VERRIGTINGE OP 'N TIPIESE SITTINGSDAG

FEITEBLAD 2

HERSIENING 1, 12 JULIE 2016

Die staande reëls maak voorsiening dat Maandag tot Vrydag parlementêre werksdae is en dat die Huis op enige werksdag vir die oorweging van sake kan sit.

Die sittingstyd van die Huis is Maandag tot Donderdag van 14:15 tot verdaging en Vrydag van 10:00 tot verdaging.

Die Speaker kan egter 'n later tyd vir die aanvang die Huis bepaal. Komiteevergaderings vind gewoonlik soggens plaas. Vergarderings van partykoukusse vind gewoonlik Donderdagoggende plaas.

Vyf minute voordat 'n sitting van die Huis begin, lui klokkies dwarsdeur die parlementêre gebouekompleks om Lede na die Raadsaal op te roep.

Die Speaker se prosessie – bestaande uit die Speaker, die Sekretaris, die Hoof- Parlementêre Beampte, die Bestuurder: Raadswerksaamhede en die Tafelassistent, voorafgegaan deur die Ampswag wat die ampstaf dra – begin by die Speaker se kantoor. Sodra die klokkies ophou lui, gaan die prosessie die Raadsaal binne en die Ampswag kondig die Speaker aan.

Wanneer die Speaker die Stoel inneem, buig sy/hy na die Lede aan elke kant van die Raadsaal en hulle buig op hulle beurt na hom/haar.

Behalwe op dae wanneer interpellasies en vrae op die program verskyn, en behalwe as die program deur 'n besluit van die Huis gewysig is, volg die sake van elke sitting van hierdie Huis, waar toepaslik, die volgende volgorde van gebeure:

a) Geleentheid vir gebed;
b) Aankondigings vanaf die Stoel;
c) Mosies;
d) Dagorders en kennisgewing van mosies op die Ordelys, wat in volgorde hanteer word.

Interpellasies en vrae vir mondelinge beantwoording, in daardie volgorde, geniet voorrang op Donderdae. Elke tweede Donderdag word vrae sonder kennisgewing aan die Premier hanteer nadat die vrae vir mondelinge beantwoording afgehandel is.

Nota: Sien ook Feiteblad 16 wat oor interpellasies en vrae handel.

Posbus 648, Kaapstad
8000, Suid-Afrika

PO Box 648, Cape Town
8000, South Africa

PO Box 648, Ekapa
8000, Mzantsi Afrika

www.wcpp.gov.za
+27 21 487 1600